

PUBLIEKE DEELNAME: 'N TEGNIEK, 'N PROSES OF 'N GELOOF?

Dr J J Steyn

Departement Stads- en Streekbeplanning
Universiteit van die Oranje-Vrystaat

1 INLEIDING

Die 1960s was in 'n sekere oopsig die bakermat van vele menslike prestasies, maar ook mislukking. Dit was die jare waarin die eerste mens op die maan geplaas is, maar was ook die jare van sosiale onrus soos die burgerregtebeweging in Amerika en die studente-opstande in Europa. Gallion en Eisner (1986:606) verduidelik hierdie toestand soos volg:

"In this age, where communications between outer space and earth could bring people in contact with each other to resolve their problems in peace and harmony, we find instead that person-to-person communications are disrupted by clouds of suspicion and fear ... Never before in the history of the earth have people been closer to each other yet farther apart - locally, nationally and internationally."

Magte soos onder andere die skaalvergrotting en die tegnologiese "rewolusie" het veroorsaak dat vervreemding tussen mense tot uiteindelike wantroue in mense, maar ook wantroue in ou instellings en sisteme, gelei het (Jolles 1974:60). Geen wonder dat Bot en De Zeeuw (1970:3) sê dat:

"Het begrip Inspraak¹ is van recente datum en komt uit de omslag van het sociaal-politieke klimaat van de jaren '60".

2 PUBLIEKE DEELNAME: MEER AS NET 'N WOORD

In die Engelse literatuur word die term "public participation" gebruik in die sin dat dit beide inspraak en deelname insluit (Arnstein 1969:219, Davidoff 1965:334). Glass (1980:180) vind dat publieke deelname ("participation")

gebruik word as:


"an overgeneralization that often is defined simply as providing citizens with opportunities to take part in governmental decision or planning processes".

Arnstein (1969:216) was een van die eerste persone in beplanning wat die term wetenskaplik onderskei het: vir haar behoort publieke deelname in werklikheid publieke mag of burgerlike beheer te beteken. Sy vind dat deelname sonder die verdeling van mag 'n gefrustreerde proses is wat daartoe lei dat die *status quo* gehandhaaf word. Sy (Arnstein 1969:217) identifiseer agt vlakke van deelname wat in die vorm van 'n leer werk, vanaf die onderste vlak van manipulasie, terapie, voorligting, konsultasie, paaibeleid, met minste deelname, tot die boonste vlak van vennootskap, gedelegeerde mag en volledige beslissingsmag waar die burgery in beheer is (sien Figuur 1).

Nelissen (1980:2) wys daarop dat Sherry Arnstein die onderste twee vlakke in haar leer tereg as nie-deel-

name identifiseer (Figuur 1). Tussen die twee uiterste van besluitneming deur slegs die owerheid aan die een kant en besluitneming slegs deur die burgers aan die ander kant, onderskei Nelissen (1981:2) asook Thurlings *et al* (1980:136) die volgende grade van deelname, naamlik:

- (a) **Mee-weet** - Hier skep die beleidvoerende instansies vir die burgers die geleentheid om kennis te neem van 'n bepaalde besluit of saak.
- (b) **Mee-dink** - is die graad van deelname waar die beleidmakers nie net die publiek inlig om mee te weet nie, maar ook aanspoor om mee te dink deur te vra vir mondelinge of skriftelike reaksies op 'n beleidsvoorneme of -plan.
- (c) **Mee-praat** - is die graad van deelname waar die besluitnemers nie alleen die burgers laat mee-weet en mee-dink nie, maar geleentheid gee vir gesprek en debattering oor die voornemens en planne.



FIGUUR 1: Leer van Deelname

Bronne: * Arnstein (1969:217), **Thurlings (1980:136)

- (d) **Mee-beslis** - is waar die burgers in die posisie is om saam beslissings te neem.

Volgens hierdie indeling van deelname sal inspraak alleen onder mee-praatval, maar in die praktyk word al die metodes wat gebruik word om die burgers te laat deelneem aan die besluitvorming, bedoel as inspraak of deelname, hetsy dit mee-weet, mee-dink, of mee-beslis is.

Van den Berg (1981:418) hierteenoor klassifiseer inspraak as 'n term uit 'n kontinuum van relasies tussen juridies bevoegde beslissings en diegene wat daardeur geraak word. Die kontinuum varieer van volstrekte onderdanigheid en positiviteit ten opsigte van outokratiese gesagsuitoefening tot mede-seggenskap en medeverantwoordelikheid van betrokkenheid by demokratiese gesagsuitoefening.

In die tagtigerjare het publieke deelname in beplanning onder andere weens faktore soos die NIMBY-syndroom² (Dear 1992:288) en die "no nonsense"-politiek van Westerse regerings onder leiding van Thatcher en Reagan gelei tot afname in belangstelling in deelname. Selfs in Nederland word in die "kader van de afslanking van de Rijksdiens" (RATO 1980:8) die afdeling Centraal Punt Inspraak wat publieke deelname bevorder het, opgehef.

3 VERWANTSKAP TUSSEN PUBLIEKE DEELNAME EN BEPLANNINGSTEORIE

Gedurende die 1960s tot 1980s het daar ook 'n klemverskuiwing in die aard van beplanningsteorie plaasgevind. Faludi (1973:3) onderskei by teorievorming tussen substantiewe³ en procedurele⁴ teorieë. Substantiewe teorie of onderwerpsteorie help beplanners om te verstaan waarmee hulle besig is; dus teorie wat oor die inhoud van beplanning gaan (Faludi 1973:7). By procedurele teorie gaan dit oor die insig in die vorm of proses wat beplanning aanneem en handel oor die teorievorming by beplanningsprosesse. Volgens Marcuse (1976:389) het eersgenoemde te make met die "wat" en laasgenoemde met die "hoe" van beplanning. McConnell (1981:14) voeg 'n derde tipe beplanning by wat

die "waarom"-vraag moet beantwoord en dit kan alleen deur normatiewe beplanning⁵ (Klosterman 1978:44, McConnell 1981:24) gedoen word (sien Figuur 2).

As na die ontwikkeling van publieke deelname gekyk word, onderskei Glass (1979:181) twee skole van denke oor publieke deelname, naamlik die administratiewe perspektief en die burgerlike perspektief. By eersgenoemde word die burgery betrek met die doel om vertroue in die owerheid en owerheidsbesluite te verhoog. By laasgenoemde perspektief is die doel dat die

Die werking van bogenoemde drie visies kan ook gekoppel word aan die verskillende beplanningsteorieë soos in Figuur 3 uiteengesit.

By teorie in beplanning gaan deelname aan om die beter werking van beplanning self, om die vakgebied meer verstaanbaar vir die publiek te maak, of om 'n gesprek op die vakforum. Hier praat beplanners dus met beplanners.

By teorie van beplanning gaan dit by deelname oor die vorm wat die pub-

| Tipe beplanning | Soort beplanning | Vraag |
|----------------------|------------------|----------|
| Substantief | Beplanning in | Wat ? |
| Procedureel | Beplanning van | Hoe ? |
| Krities of Normatief | Beplanning vir | Waarom ? |

FIGUUR 2: Beplanningsteorieë Bron: Steyn (1989:73-74)

burgery direk invloed uitoefen in beplanning en besluitneming. Bot en De Zeeuw (1970:80) gebruik 'n drie-delige indeling aangesien hulle die burgerlike perspektief ook nog in twee deel. Hulle onderskei (Bot en De Zeeuw 1970:76-78) tussen:

- (a) 'n liberale visie waar legitimiteit nie ter sprake is nie, maar alleen effektiwiteit;
- (b) 'n progressiewe visie waar inspraak 'n middel is om verdere demokratisering te bewerkstellig; en
- (c) die radikale visie waarin die legitimiteit van die beleid slegs deur die omverwerpning van die huidige magstrukture verhoog kan word. By die eerste visie word inspraak as 'n doel op sigself gewaardeer, by die tweede visie as 'n middel om 'n doel te bereik, terwyl by die derde visie die waarde van die bestaande vorme van inspraak betwyfel word.

lieke deelname aanneem en hoe die proses daarvan tussen die verskillende deelnemers verloop. "Inspraak is een legitieme aanvulling op het parlementaire democratische stelsel, met als belangrijkste doel het verbeteren van de effektiwiteit van het beleid" (Werkgroep Capita Selecta 1981:0-3).

By teorie vir beplanning gaan dit by die deelname oor die verandering van die strukture om daardeur by burgers mag uit te kom. Daar moet (a) progressief of (b) radikaal gebreek word met die administratiewe perspektief, asook die burgerlike perspektief. Die einddoel van albei is die direkte demokrasie, alleen die metode waarvolgens dit bereik word verskil by die twee benaderings (Werkgroep Capita Selecta 1981:0.4-0.5).

4 MEER AS NET TEORIEË

Glass (1979:183) wys daarop dat die perspektief of visie op deelname deur 'n kombinasie van doelwitte en tegnieke verkry word. Waar die legitimiteit van doelwitte en tegnieke bevraag-

| TEORIE | DEELNAME |
|-----------------------|--|
| IN BEPLANNING | Gaan oor bespreking van deelname, in o.a. vaktydskrifte (bv. Glass 1979) |
| VAN BEPLANNING | Liberale visie - hier gaan dit oor die funksionaliteit van politieke deelname |
| VIR BEPLANNING | <p>a) Progressiewe visie - die beleid en die bestuurvorm is hier ter sprake</p> <p>b) Radikale visie - herverdeling van mag is hier die doel</p> |

FIGUUR 3: Verwantskap tussen beplanningsteorieë en deelname

teken word, soos by die teorie vir beplanning, moet na die oorsprong van die verskillende benaderings ten opsigte van deelname teruggegaan word.

Steyn (1989:100) het bevind dat "die burger se siening en aanvaarding van 'n spesifieke staatsvorm en staatsmodel ook sy vertroue in die stelsel bepaal". Hoe groter die gaping, hoe meer geneig sal die burger wees om owerheidsbesluite te bevraagteken en sy misnoë op die een of ander manier te demonstreer.

Hierdie siening en aanvaarding word bepaal deur die mens se siening van gesag en die grense van mag. In 'n empiriese studie is gevind dat Afrikaanssprekende Bloemfonteiners 'n meer konserwatiewe aanvaardende houding teenoor die gesagstruktuur het as die Engelssprekende Pietermaritzburgers (Steyn 1989:198). Hierdie aanvaarding van die aard en wese van gesag is kultureel van aard beïnvloed deur ideologiese aanvaarding. Vir die Christen word die grense tussen vryheid en gesag deur die "eie" taak en verantwoordelikheid van die owerheid en die burger bepaal deur sy relasie tot God. Teenoor die normatiewe Christelike siening vind 'n mens verskeie humanistiese beskouinge van mag en grense van mag. Sowel die aanhangers van die evolusionêre as van die rewolusionêre toekomsdenke gaan uit van die ontonome eiemagtige mens wat die leiding van die kultuur moet opeis (Schuurman 1983:9-28).

By eersgenoemde sal die wetenskaplike beheersingsmetodes help om deur

verandering van die samelewing 'n beter plek te maak, veral omdat die mens die maat van alles sal wees. Laasgenoemde rewolusionêre denkers verset hulle teen die heersende tendens in die kultuur en benadruk die diskontinuitéit waarmee dan radikaal met die hede gebreek moet word. By inspraak word dit enersyds aangetref in die vertroue dat die kollektiewe wil van die meerderheid of die algemene belang van die deelnemers die owerheidsbeslissings moet bepaal of beïnvloed⁶.

As die grense tussen gesag en ontsag dus sodanig vervaag dat daar geen onderskeid meer tussen hulle is nie, ontstaan daar chaos. Die Afrikaanse spreekwoord, "Ek meneer en jy meneer, wie sal die wa moet smeer?" is sprekend van die probleem.

Geen wonder dat Peter Hall (1988:333) John Friedmann se "transaktiewe beplanning" beskryf as "it finally resulted in a demand for all political activity to be decomposed into decision by minute political groups: a return to the anarchist roots of planning, with a vengeance". 'n Aanhaling uit Wenzel (1995:126) beskryf hierdie selfde probleem by die rol van ontwikkelingsforums in Suid-Afrika, naamlik:

"We cannot create a process of democracy, elect a government, take away all its powers, and give it back to ourselves in some committee where some leaders sit - a far more unaccountable process".

Verskeie benaderings word gevvolg om uit die dilemma soos deur Hall (1988) en Wenzel (1995) hierbo beskryf, te kom. Healey (1992:160) sien dit as 'n "dynamic critical communicative process, the democratic project of making sense together while living differently can develop as a progressive force". Selfs Muller (1994:20) se "community decision model" is dan eensydig, want dit "has the primary objective of setting out a planning method that can confront the inadequacies of the autocratic rational model and play a meaningful part in the empowerment of the least advantaged and most vulnerable citizens of the country".

Hierdie vasloop in die konsekvensies van deelname vir die staatsgesag blyk maar weer "tegnieke" te wees waarmee beplanners poog om die probleem op te los. Die werklikheid is maar kompleks en Louw en Walter (1982: 59) vind dat:

"Values are embedded in the community institutions such as family structure, religious institutions, educational systems as well as the minds of individuals ... the greater the diversity of ethnic type, socio-economic group or religious orientation, the less likely that the values of social rules applying to one group of individuals will apply to other local individuals or groups".

Heskin (1980) met verwysing na Goodman (1972) en Piven (1970) het gevind dat publieke deelname die volgende aan gemeenskappe gedoen het, naamlik: "... taking the poor off the streets and encouraging their participation in the planning process was not empowering them, but in fact robbing them of their power" (Heskin 1980:59). Heskin (1980:59) haal verder vir Turner as volg aan: "The solution we all want to find will only come when poor and working people identify their common interest in a coherent, strong, unified expression of the demand for a just society in this country".

Dit is duidelik dat van hierdie mense voorstaanders van die normatiewe beplanningsteorie is en dat hul die samelewing wou verander, in plaas van die verbetering van kommunikasie

of die procedures, soos by procedurele beplanning aangetref word. Hul pogings het nie geslaag nie en nugter denke soos by Goudappel (RARO 1981:5) wat in 'n bespreking oor beplanning en bestuur pleit dat oorleg 'n goeie saak is, maar dat bepaalde ruimtelike beginsels asook bestuurskonsepte vas moet staan en nie gepolitisier word nie, kan van groot waarde wees vir beplanning.

Bogenoemde politisering van deelname het daartoe gelei dat verwreemding eerder plaasgevind het - nie alleen tussen burger en owerheid nie, maar ook tussen burgers. Pleitbeplanners het dan ook gevind dat die mense in die gebied waarvoor hul moet pleit, net so "diverse as the city as a whole" was en dat "to represent a segment of society's interest was to be an adversary, not an advocate" (Heskin 1980: 58). Dit sluit aan by die Nederlander Nijkamp ([s.a.]:495) se stellings dat die moderne samelewing gebaseer is op 'n konflikmodel geskoei op 'n belanggroepdemokrasie met 'n pluralistiese vorm en 'n sterk burokrasie om konflikte te reguleer, terwyl informele beïnvloedingsaksies sterk na vore kom.

"Dat deze informele beïnvloedingskanalen het gevaar van chaos in zich bergen, is bekend. Maar ze zijn juist een reactie op verstopte bureaucratische procedures. Daarom is een zekere regulering van inspraak en actie als informele demoratische procedures gewenst. Maar voorkomen moet worden dat deze informele kanalen de normale democratische structuren gaan uithollen of - naastde normale democratie - een eigen beslissingsbevoegdheid krijgen. Ze zullen juist moeten dienen om de normale politieke besluitvorming zo evenwichtig mogelijk doen zijn" (Nijkamp [s.a.]:495).

5 DIE VERWEEFDHEID VAN TEGNIEK, PROSES EN IDEOLOGIE BY PUBLIEKE DEELNAME

Miskien kan Goudappel (1983:10) se urbanistiekkonsep, waarin elke mens toegelaat word om kreatief die werklikheid te ontleed en sodoende te poog om ondersoek en praktiese toepassing,

teorie en praktyk, asook ratio en etos bymekaar te bring, 'n raamwerk bied waarin die verweefdheid kan plaasvind. Die denkkraamwerk bestaan uit die drie vlakke wat by enige probleem onderskei kan word, naamlik:

1 de ideostruktuur; dat zijn de diepere achtergronden die in het filosofiese, ideologiese en religieuze vlak kunnen liggen; het gaat daar vooral om de zingeving, het Waarom van ons bezig zijn.

2 de superstruktuur; de manier waarop onze samenleving in elkaar zit (organisasie) en funksioneert (proses) en de manier waarop wij daarover denken.

3 de infrastruktuur; de hele verzameling van (bouw)werken die we gemaakt hebben en nog steeds maken om te wonen, te werken, verbindigen te leggen, enz." (Goudappel en Wessels 1982:99-100).

Hierdie drie vlakke van denke is volgens Goudappel moeilik om uit mekaar te hou, aangesien hul verweef is (Steyn 1989:223). Net so vind McConnell (1981:15) dat die verskillende beplanningsteorieë verweef is. Dit sluit aan by die mens se naiewe

kennis wat die mens se handeling sien as 'n ideologiese keuse vir 'n sekere tipe teorie of proses om in die werklikheid as tegniek toegepas te word.

Van den Berg (1963:9) haal uit Sorokin se boek *Society, Culture and Personality*, die volgende aan om die doel van die verweefdheid te toon:

"If the groups of an individual are in conflict; if they urge him to contradictory actions, duties, thoughts, convictions; if, for instance, the state demands what is disapproved by the church or the family, then the respective egos will be mutually antagonistic. The individual will be a house divided against himself, split by inner conflicts. There will be no peace of mind, no unclouded conscience, no real happiness, no consistency in such an individual. He will be like a ball pushed in opposite directions by several forces."

Die mens het dus nodig om vanuit die ideostruktuur deur die superstruktuur tot by die infrastruktuur dieselfde waardesisteem by denke toe te pas. Hierdie verweefdheid van waardes word in die samelewing deur kultuur-norme in tradisie vasgelê. Baie keer is die persoon nie bewus wat die onderliggende waardes vir 'n bepaalde optrede is nie, maar solank dit ooreenstem met 'n bepaalde kultuurontplooiing gaan dit goed. As iemand egter buite kultuurverband aan 'n bepaalde optrede onderwerp word, gebeur dit maklik dat die persoon iets doen wat bewustelik of onbewustelik indruis teen sy denke op ideostruktuurvlak⁷.

6 VRYHEID, VERANTWOORDELIKHEID EN VERSKEDENHEID

Ten slotte kan hierdie benadering om vir mense vryheid te gee om op verantwoordelike wyse te kies of kreatief deel te neem aan deelnemingsmetodes

| Urbanistiek | | | Beplanningsteorie | Tipe deelname* |
|----------------|-------------------------|-----------|-------------------|-------------------------|
| Infrastruktuur | Uitvoerende beginsels | Tegniek | Substantief | Administratief |
| Superstruktuur | Organiserende beginsels | Prosedure | Prosedurele | Liberaal |
| Ideostruktuur | Wêreldbeeld | Ideologie | Normatief | Progressief of Reaktief |

FIGUUR 4: Verwantskap: Urbanistiekkonsep, beplanningsteorie en publieke deelname

* Bron: Steyn (1989) behandel die verskillende konsekvensies van publieke deelname op ideo-, super- en infrastruktuurvlak vanuit 'n Christelike oogpunt en vind aansluiting by die Reformatoriese Wysbegeerte van die Wetsidee (Dooyewaard A53)⁸.

wat uit 'n ryke verskeidenheid alternatiewe bestaan, bydra tot beplanning wat by die spesifieke groep pas (Steyn 1989:236). Homogeniteit ten opsigte van kultuur kan help om verskille wat op al drie vlakke van denke mag voorkom, te oorbrug. Waar sodanige kulturele homogeniteit ontbreek, en ideo-, super- asook infrastruktuurverskille die toestand kompliseer, word inspraak nie meer as kommunikasiemiddel gebruik nie. Dit word dan gesien as 'n politieke middel om in 'n konfliktuasie eie belang te laat seevier. Die "sin van die samesyn" is meer as korttermynoplossings gebaseer op vrede, vryheid en voorspoed. As die oplossings nie al die strukture by die denkkader integreer nie, dan is dit 'n huis wat in homself verdeel is. Sonder kulturele bindinge stort dit ineen.

Besluitneming is die aanvaarding van eie verantwoordelikheid om in vryheid 'n verskeidenheid van moontlikhede te oorweeg, om dan te handel volgens die eie lewens- en wêreldebekouing (ideostruktur). Waardes bepaal dus hoe deelname prosedureel en tegnies in die praktyk toegepas gaan word. Hier geld ook die Nederlandse spreuk "inspraak sonder inzicht, is uitspraak sonder uitzicht". Die wêreld se bekendste inspraakproses was ook sy grootste "fiasco". Pilatus het vir die volk gevra: "Wie van die twee wil julle hê moet ek vir julle loslaat? En hulle antwoord: Barrabas!!!"⁹ Dieselfde mense wat 'n paar dae tevore "Hosanna!" uitgeroep het, skreeu nou "Kruisig Hom!"¹⁰

Alleen deur die menslike kultuur-opdrag weer op te neem en in verantwoordelikheid te poog om die aarde tot 'n ryke verskeidenheid te ontwikkel, kan die mens weer sy regmatige plek in die skepping inneem.

NOTAS

- 1 Dikwels word die begrippe inspraak en publieke deelname as sinonieme gebruik en geen onderskeid word tussen die terme gemaak nie (Korsten 1979, Steyn 1989). Nelissen (1980:1), wat dit as verwarring beskou, word dus nie nagevolg nie.
- 2 NIMBY - Not in my backyard.
- 3 Substantiewe teorie - Teorie in Beplanning.
- 4 Prosedurele teorie - Teorie van Beplanning.
- 5 Normatiewe of kritiese beplanning - Teorie vir Beplanning (Steyn 1989:74-76).
- 6 As 'n meerderheidswil op die volk afgedwing word, is dit volksmag en dit bring weer die soewereiniteit van die owerheid teenoor die volk in gedrang (Van Riessen 1973:82).
- 7 Verstedeliking is 'n goeie voorbeeld: handelinge wat verband hou met stedelike aktiwiteite, word van die intrekker verwag wat moontlik uit 'n plattelandse of landelike kultuur kom. Genoeg bewyse bestaan dat die Afrikaner in die dertigerjare in so 'n posisie beland het (Van Jaarsveld 1982: 211).
- 8 Wat behoort publieke deelname te wees? (Steyn 1989:134&135)
 - Deelname werk binne die demokratiese stelsel en kan alleen op demokratiese wyse gehanteer word. Die tipe demokrasie waarin dit plaasvind, is deel van die historiese ontwikkeling van burgerlike seggenskap, asook owerheidsvorme binne 'n gemeenskap en 'n land.
 - Publieke deelname hoort huis by die "prosedure"-beplanningsteorie, dus die werksmetodes by beplanning.
 - Omdat deelname binne die prosedurele beplanningsteorie val is die doel daarvan die verbetering van die effektiwiteit van die beleid en nie die wettigheid (of legitimiteit) van die staat nie.
 - Daar bestaan 'n samehang tussen doel, doelwit en tegnieke. Nadat doel en doelwit uitgekies is, kan een of meer tegnieke gebruik word om die doelwit te bereik.
 - Oorskryding van begrensing van publieke deelname tot buite die prosedurele beplanningssteorie lei daar toe dat verwoording plaasvind en dat die doel van deelname nie bereik word nie.
 - Inspraak is deel van 'n kommunikasiesisteem tussen burger en owerheid, asook owerheid en burger om vervreemding tussen die partye te oorbrug. (Indien geen vervreemding bestaan nie, is geen deelname nodig nie.)
 - Inspraak vra na kennis op 'nvlak waarop die burgers dit kan begryp en waar dit hulle raak. Dit word dan meestal heel plaaslik op fisiese vlak aangetref.
- 9 Matteus 27:21.
- 10 Markus 11:10, Markus 15:14.

VERWYSINGS

- ARNSTEIN SR (1969). "A ladder of citizen participation". *American Institute of Planners Journal*, Vol 35 No 4, pp216-224.
- BOT H EN DE ZEEUW H (1970). *Inspraakontwikkeling by Ruilverkaveling*. Ingenieursscriptie, Voorligtingskunde, Wageningen.
- DAVIDOFF P (1965). "Advocacy and pluralism in Planning". *Journal of the American Institute of Planners*. Vol 31 No 4, pp331-338.
- DEAR M (1992). "Understanding and overcoming the NIMBY Syndrome". *APA Journal* Vol 58 No 3, Summer.
- FALUDI A (1973). *A Reader in Planning Theory*. Pergamon Press, Oxford.
- GALLION AB en EISNER S (1986). *The Urban Pattern, City Planning and Design*. (Fifth Edition), Van Nostrand Reinhold Company, New York.
- GLASS JJ (1979). "Citizen participation in planning: The relationship between objectives and techniques". *Journal of the American Institute of Planners*. Vol 45 No 2 pp180-189.
- GOODMAN R (1972). *After the planners*. Penguin Books, Harmondsworth, England.
- GOUDAPPEL HM (1983). *Kreatiewe konsolidasie als voorbereiding tot de informatiestad*. Referaat gelewer tydens Simposium "Innovasie in het stedelijk gebaken". Bergen op zoom Nederland, 20 Oktober 1983, pp1-16.
- GOUDAPPEL HM & WESSELS H (1982). *De Mens en Hun Ruimte*. Kollege diktaat vir kursus 7B010, Diktaat Nr 7.031, Vakgroep Urbanistiek en Ruimtelike Organisasie. Afdeling Bouwkunde, Technische Hogeschool Eindhoven, Eindhoven.
- HALL P (1989). "The turbulent eight decade: Challenges to American City Planning". *Journal of the American Planning Association*. Vol 55 No 3, pp275-282.
- HEALEY P (1992). "Planning through debate: The communicative turn in planning theory". *TRP*, 63(2), April.
- HESKIN AD (1980). "Crises and response". *American Planners Association Journal*. Vol 46 No 1, pp50-63.
- JOLLES HM (1974). *De poreuse demokrasie: Een sosiologisch onderzoek naar het inspraakverschijnsel*. Samson Uitgeverij, Alphen aan de Rijn.
- KLOSTERMAN RE (1978). "Foundations for normative planning". *Journal of the American Institute of Planners*. Vol 49 No 1, pp37-46.
- LOUW SM EN WALTER RD (1982). "Values in the planning process". *Eekistics*. Vol 49 No 292, pp58-60.
- MARCUSE P (1976). "Professional ethics and beyond: Values in planning". *Journal of the American Institute of Planners*. Vol 42 No 7, pp264-273.
- McCONNELL S (1981). *Theories for Planning*. William Heineman Ltd, Linden.
- MULLER J (1994). "Community development and decision-making". *Urban Forum*, Vol 5(1).
- NELISSEN NJM (1980). *Inspraak Methoden*. Referaat gelewer te "Inspraak en Raad van advies voor Ruimtelijke Ordening, Centraal punt INSPRAAK". 1988. Inspraak-verkenning: Uitgawe ter belegenhed van de beeindiging van taken van de Centraal Punt Inspraak. De Boer Nieuwkoop B.V.'s Gravenshage. Medezeggenschap": Stigting Postdoctoraal onderwijs in de civiele techniek Delft.
- NIJKAMP P. "Mondigheid tussen twee vuren". *De Reformatie*. (s.a.), pp462-464 en 477-480 en 494-496 en 512-514.
- PIVEN FF (1975). "Planning and Class Interest". *Journal of American Institute of Planners*. Vol 41 No 5, pp306-310.
- RAAD VAN ADVIES VOOR RUIMTELIKE ORDENING (1981). *Ruimtelijke planning en bestuur in de jaren 80*. Utrecht.
- SCHUURMAN E (1983). *Christen in Babel*. Uitgeverij de Groot Goudriaan, Kampen, Nederland.
- STEYN JJ (1989). *Publieke deelname as 'n kulturele determinante in beplanning binne die denkkader van die Urbanistiekkonsep*. Proefschrift vir Ph.D. in die Departement Stads- en Streekbeplanning aan die UOVS.
- THURLINGS JMG, SCHREUDER O, VAN HOOF JAP, NELISSEN NJM EN JANSSEN JA. (1980). *Institutie en beweging*. Van Loghum Slaterus B.V. Deventer.
- VAN DER BERG JH (1963). *Leven in meervoud*. Uitgeverij G F Callenbach NV, Nijkerk.
- VAN DEN BERG GJ (1981). *Inleiding tot de Planologie, voer ieder 'n plaats in de zon*. Samson Uitgeverij, Alphen aan den Rijn.
- VAN JAARSVELD FA (1982). *Die Afrikaners se Groot Trek na die stede en ander opstelle*. Perskor, Johannesburg.
- VAN RIESSEN H (1973). *De maatschappij der toekomst*. Uitgeverij T Wever, Francker.
- WENZEL P (1995). "The South African Option. Development Forums as civil society-run implementation organisations?" *Urban Forum*, Vol 6 No 1.
- WERKGROEP CAPITA SELECTA (1981). *Inspraak in de Rurale Ruimtelike Beleid*. Landbouw Hogeschool, Wageningen, pp1-8.